**MOET NIE OP HIERDIE BYLAAG ANTWOORD NIE**

## VRAAG 2 ONTWERPKOMMUNIKASIE

**PRENT A:** Advertensie vir BMW




[Bron: <https://www.bestadsontv.com/ad/140952/BMW-Hey-AI-Women-Make-Half-Of-The-World>]

## VRAAG 3 VISUELE ONTLEDING

**PRENT B:** Binne Bumble opskietwinkel




[Bron: <https://www.commarts.com/project/26430/bumble-hive-nyc>]

**PRENT C:** Herontwerpte Nokia logo




[Bron: <https://www.dezeen.com/2023/03/10/nokia-logo-rebrand/>]

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 4 ONTWERP IN 'N SAKEKONTEKS

## GEVALLESTUDIE: Carbsmart

### Heerlike nuwe Carbsmart lekkernye

**Carbsmart, die toonaangewende Suid-Afrikaanse laekoolhidraat-voedselmaatskappy, is altyd op soek na maniere om gesonde, skuldvrye weergawes van gewilde lekkernye te skep – en het twee heerlike nuwe toevoegings tot sy uitgebreide reeks bekendgestel.**

Makadamianeute is op 'n groot gesondheidsbaan – en aanhangers geniet nou Carbsmart se nuwe streng vegetariese makadamia-smere, sonder toegevoegde suiker, in donker en wit variante. Maar mense wil ook weet dat die produkte nie net goed is vir die verbruikers nie, maar ook dat die produkte goed is vir mense en die planeet. Carbsmart se kenmerkende handelsmerk is duidelik sigbaar in advertensies van grootmaatkleinhandelaars, soos Food Lover's Market se promosie van hierdie voedselkeuses. Carbsmart het hul eie personeel om aantreklike en eiesoortige verpakking te skep, sowel as om die handelsmerkherkenningsgeleenthede van kleinhandeladvertensies te benut.







Dit is gemaak sonder kunsmatige versoeters, is maltitol-, suiwel-, soja- en glutenvry. Hulle is hoog in vesel en 'n goeie keuse vir die spens – dit is as hulle lank daar sal bly voordat die hele botteltjie verorber word!

By die Kaapse maatskappy se groeiende lekkergoedreeks is ewe heerlike **sjokolade-bedekte geroosterde makadamias**. Carbsmart het sy betroubare en geliefde suikervrye donkersjokolade en witsjokolade sonder toegevoegde suiker gebruik om hierdie twee wonderlike lekkernye te skep.

Albei reekse voldoen aan al die kriteria of verwagtings: laekoolhidraat-, banting-, keto- en diabeetvriendelik; hulle bevat geen maltitol nie; is hoog in vesel; is suiwel-, soja- en glutenvry; hulle is orangoetangvriendelik, en palmolievry; gemaak met volhoubare brond Afrika-kakaobone; en is ook Halaal- en Kosjer-gesertifiseer.

[Bron: <https://www.foodstuffsa.co.za/27456/yummy-new-carbsmart-treats/> (aangepas)]

IEB Copyright © 2024